Dag van protes teen MISDAAD

Memorandum

Aan: Die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die Suid-Afrikaanse regering en Suid-Afrikaanse maatskappye
Van: Die Solidariteit Beweging, ander gemeenskapsorganisasies en lede van die gemeenskap
Datum: 19 Mei 2010

Ons, die ondersteuners van hierdie memorandum, teken hiermee protes aan teen die misdaadsituasie in Suid-Afrika. Ons is moeg vir die bloed wat vloei as gevolg van misdaad.

- Ons gevoel is dat misdaad tans buite beheer is en dat mense in Suid-Afrika vrees vir hulle veiligheid.
- Ons wil deur hierdie protesmemorandum ons ontevredenheid met die misdaadsituasie bekend maak. Ons wil wys dat ons nie sal toelaat dat misdaad as 'nnormale deel van die samelewing gesien word nie.
- Misdaad is abnormaal en daarom protesteer ons daarteen. Die dag wat ons nie meer protesteer nie, het ons die stryd teen misdaad verloor.
- Misdaad is vir ons die grootste probleem in die land, want misdaad maak dood, misdaad verkrag en misdaad martel.
- Misdaad maak mense bang en laat mense landuit vlug. Misdaad veroorsaak dat algemene en beleggersvertroue in die land verlore gaan.
- Misdaad bedreig die sukses van die Sokkerwêreldbeker en maak toeriste bang vir Suid-Afrika.
- Misdaad bedreig ekonomiese groei, werksekuriteit en die vryheid van gewone Suid-Afrikaners.
- Ons teken ook protes daarteen aan dat ons belasting moet betaal, maar privaat sekuriteitsmaatskappye moet aanstel om ons te beveilig weens die staat se onvermoë om ons te beskerm. Dit kom neer op dubbele belasting.
- Aangesien misdaad alle gemeenskappe, ongeag ras, geslag of klas, dwarsoor Suid-Afrika raak, wil ons hierdie protesaksie nie beperk tot enkele groot stede nie, maar dit desentraliseer na elke gemeenskap in Suid-Afrika.
- Ons wil nie net bly by protes nie – ons wil 'n veiliger Suid-Afrika ná die protesaksie agterlaat.
- In die lig hiervan neem ons president Zuma se beroep op gemeenskappe om, in samewerking met die polisie, gemeenskapsbeveiligingstrukture te skep, ernstig op.
- Die protesaksie moet 'n blywende nalatenskap hê. Indien hierdie protesaksie die vestiging van 200 gemeenskapsbeveiligingstrukture tot gevolg het, sal Suid-Afrika veiliger wees.
- Hierdie protesaksie bied gemeenskappe dwarsoor Suid-Afrika die geleentheid om betrokke te raak by gemeenskapsbeveiligingstrukture.
- Die protesaksie is ook 'n oproep tot die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) om uit te reik na gemeenskappe om beveiligingstrukture te skep.
- Ons spreek ons dank uit teenoor die duisende polisielede wat onbaatsugtig veg om Suid-Afrikaners te beveilig. Terselfdertyd rig ons 'n versoek vir die verwydering van ondoeltreffende, lui en korrupte polisielede.

Ons as lede van die gemeenskap verbind ons –

- om, in samewerking met die SAPD, aktief betrokke te raak by beveiligingsprogramme binne ons gemeenskappe;
- om op plekke waar daar nog nie gemeenskapsbeveiligingsaksies is nie, sulke aksies te begin;
- om veiligheidsbewus te wees en ons persoonlike veiligheid op te skerp;
- om ons mening oor die misdaadsituasie in die land uit te spreek; en
- om deur middel van burgerlike aktivisme met die regering te beding ten einde die beveiliging van die land se inwoners te verbeter.

In die lig van bogenoemde eis ons die volgende:

Van die Suid-Afrikaanse regering:

- Neem kennis van die groeiende woede onder Suid-Afrikaners oor misdaad in die land.
- Maak misdaadvoorkoming die nommer een prioriteit in Suid-Afrika.
- Gee aan die SAPD meer hulpbronne vir misdaadvoorkoming, met 'n fokus op opleiding.
- Maak privaat uitgawes wat vir misdaadvoorkoming aangegaan word, aftrekbaar van belasting.

Van die SAPD:

- Beveg misdaad met uitnemendheid.
- Reik uit na gemeenskappe met die oog daarop om gemeenkapsbeveiligingstrukture te skep.
- Betrek die gemeenskap by gemeenskapsbeveiligingstrukture.
- Stel spesialiseenhede soos die kinderbeskermingseenheid onmiddellik in.
- Hef die moratorium op die aanstelling van reserviste op.
- Implementeer onmiddellik 'n landelike beveiligingstruktuur of stel die kommandostelsel weer in.

Van Suid-Afrikaanse besighede:

- Besighede moet hulle maatskaplike verantwoordelikheid ten opsigte van die misdaadsituasie nakom. Die openbare stilswye van besighede oor misdaad moet verbreek word.
- Misdaadvoorkoming moet deel raak van georganiseerde besigheid se agenda.
- Omdat misdaad die winste van maatskappye negatief beïnvloed, behoort maatskappye 'n gedeelte van hulle begrotings aan misdaadvoorkoming af te staan.
- Maatskappye moet veral gemeenskappe binne hulle besigheidsgebied help met misdaadvoorkoming.
- Ondersteuningsprogramme vir werknemers wat geraak is deur misdaad moet by diensvoorwaardes ingesluit word.